

Subject: Re: GEBOORTE KENNISGEWINGS - FOUTELYS - NFR
From: Rene de Wet at Admin <rene@marlofarms.co.za>
Date: 2026/06/26, 16:30
To: Ann Wepener <ann@studbook.co.za>

Hi Ann,

Hoop dit gaan goed.

Jammer dat ek nou eers terugkom na jou...

Ek wil gou eers vir jou vra wat gebeur met die kallers as ons niks met die ma's doen nie? Bly hulle dan op die foutelys?

Ek wou net die kruis kallers op die sisteem sit omdat hulle dit nooit vir my gebring het om in te lees nie... Al die koeie gebruik ons nie meer in die stoet nie... so eintlik is al hierdie werk nou onnodig!

Sou die kallers op die foutelys bly en ons die koeie moet herinstel om dit reg te stel, en dan weer kanseleer na die tyd - dan stuur ek sommer in elk geval die toestemming daarvoor.

Kan jy asb vir my die volgende diere herinstel - sodat die kallers van die foutelys kan afgaan en weer kanseleer (al die kallers is alreeds op die stelsel as NFR):

D220337 - 0094259579
D220327 - 0093798999
D210279 - 0092303536
D210310 - 0093100790
D210282 - 0092303569
D210290 - 0093108041
D210288 - 0093121390
D210294 - 0092519578
D210311 - 0093100709
D180146 - 0086740685

Hierdie koei moes foutiewelik gekanseleer gewees het - jy kan haar net herinstel:

D220341 - 0095429536

Baie dankie ou Ann'tjie - laat weet gerus as daar n makliker manier is om die kallers van die foutelys af te kry, want almal is NFR...

Heerlike naweek vir jou!
René

From: Ann Wepener <ann@studbook.co.za>
Sent: Monday, 22 June 2026 08:16
To: Rene de Wet at Admin <rene@marlofarms.co.za>
Subject: Re: GEBOORTE KENNISGEWINGS

Hi Rene,

Skuus ek kom nou terug na jou toe op 'n Vrydag begin ons 7:30 dan loop ons 4:00 dis hoekom ek nie jou e-pos geantwoord het nie. Ek het gaan kyk die moeder nie aktief op geboortedatum van kalf 17-Jul-24 ek het die moeder op logix se dierinligting ingesit, hierdie moeder is gekanselleer op 17-Jul-2024 met rede Herd Reduction. Die kansellasie datum was dan voor die kalfie se geboortedatum, jy sal my moet toestemming gee vir herinstelling sodat die kalfies op kan kom. Dan moeder D180146 -0086740685 is gekanselleer op 16/01/2024 met rede Cull unknown. Dit was koud in Bloem of seker het net ek so baie koud gekry. Hoop julle naweek was baie lekker gewees.

'n Baie geseende nuwe week vir julle en veilig wees. Hou julle warm.



On 2026/06/19 16:36, Rene de Wet at Admin wrote:

Hi Anntjie,

Laaste epos net so voor die naweek begin.

Ek het die kruis kallers se geboortes gelaai op Stamboek.

Elkeen was gemerk as NFR...

Die volgendes is nou op my Foutelys met kommentaar: Moeder nie aktief op geboortedatum van kalf 17-JUL-24

Wat beteken dit? Nie een van hierdie kallers moet geregistreer word nie - dit was almal Kruis kallers gewees.

Dan is daar op D240492 n kommentaar: Moeder (D180146 - 0086740685) behoort nie aan teler of eienaar op geboortedatum van kalf nie... Dit is ons eie koei - sy is as Basis koei aangeteken. Ek dink sy is al intussen geslag...

Die res is maar net DNA resultate (veelvuldige vaar) waarvoor ek wag en sal instuur sodra ek ontvang - hopelik is die foutelys dan skoon.

Heerlike naweek vir jou!

René